

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

ELIAS MSIZA

Appellant

EN

DIE STAAT

Respondent

CORAM: GROSSKOPF, SMALBERGER, NESTADT, ARR

VERHOOR: 18 September 1987

GELEWER: 29 September 1987

U I T S P R A A K

GROSSKOPF, AR

Die appellant is in die Transvaalse Provinsiale Afdeling
aangekla van gewone aanranding en van moord. Hy het skuldig

gepleit

gepleit op die aanrandingklag maar onskuldig op dié van moord. LE GRANGE R, wat sonder assessore gesit het, het die appellant op albei klagtes skuldig bevind. Wat die moordklag betref het hy bevind dat daar versagtende omstandighede aanwesig was en het hy 'n vonnis van agt jaar gevangenisstraf opgelê. Vir die aanranding is 'n kort termyn gevangenisstraf opgelê wat gelas is om saam met die vonnis van agt jaar te loop. Met verlof verleen ingevolge 'n petisie aan die Hoofregter kom die appellant nou in hoër beroep teen sy skuldigbevinding en vonnis op die moordklag.

Albei klagtes teen die appellant het hul oorsprong gehad in gebeure gedurende die nag tussen oujaarsdag van 1984 en nuwejaarsdag van 1985. Die belangrikste staatsgetuie

was

was ene Martha Winnie Mahlangu, na wie ek kortweg as Martha

sal verwys. Sy was die klaagster in die aanrandingsklag

en, luidens haar getuienis, 'n ooggetuie van die moord.

Haar getuienis kan soos volg opgesom word. Omtrent sewe

uur die oujaarsaand het Martha en 'n vriendin na 'n sjebeen

in Atteridgeville gegaan. Die vriendin se naam is Beauty

Deliwe Khoza, en ek sal na haar verwys as Beauty. Toe

Martha en Beauty by die sjebeen aankom was die appellant ook

daar saam met 'n vriend. Martha het nie die vriend se naam

geken nie en daar word in die getuienis na hom verwys as

die vriend met die reënjas. By Martha se aankoms by die

sjebeen het die vriend met die reënjas aan haar arm getrek,

blykbaar om toenadering te seek. Sy was egter nie hiervoor

te

te vinde nie. Later in die aand het Martha na buite gegaan om die latrine te besoek. Die appellant en die vriend met die reënjas was buite die kombuisdeur, en terwyl sy verbygegaan het, het die vriend weer aan haar arm getrek. Sy het weer gesê dat hy haar moes los, en bygevoeg: "Kyk, jy kan nie jou liefde op my afdwing nie, ek het iemand wat ek lief het." Die vriend met die reënjas het haar toe gelos en met die appellant, wat daar naby was, gaan praat, blykbaar om die appellant te vertel wat tussen hom (die vriend) en Martha plaasgevind het. Martha kon sien dat die appellant ontsteld was oor die gebeure, en het toe maar liever terug na haar huis gegaan. Die huis was, volgens haar uitwysing, omtrent 50 meter van die sjebeen.

Nadat

Nadat sy 'n rukkie tuis was, het Martha weer na die sjebeen teruggekeer om te kyk wat van Beauty geword het. Sy vind toe vir Beauty by die kombuisdeur. Beauty vertel haar dat die appellant se broer, ene Paul, na haar probeer vry het. Martha het toe vir Beauty gewaarsku dat Paul 'n vrou het wat binne in die sjebeen was en wat sou uitkom en vir Beauty slaan as sy enigiets met Paul te doen het. Die appellant was binne hoorafstand en het hierdie gesprek gehoor maar dit blykbaar verkeerd verstaan, want hy het nader gestap en vir Martha gevra: "Jy vertel vir Beauty dat ek 'n vrou het?" Martha wou hom reghelp, maar hy het haar nie 'n kans gegee nie. Hy het summier haar hoed van haar kop afgehaal en haar vier klappe met sy oop hand toegedien. Dit

is

is hierdie klappe wat die onderwerp gevorm het van die aandringsklag.

Na hierdie onaangename episode is Martha weer terug huis toe. Toe sy by die hek van die sjebeen uitkom sien sy 'n vriend, David (die oorledene in die moordklag). Hy vra haar "wat is dit?" Hiervan het sy afgelei dat hy gesien het wat tussen haar en die appellant gebeur het. Sy merk toe op dat die appellant en die vriend met die reënjas vinnig agter hulle aangestap kom. Toe die appellant en sy vriend by Martha en David verbygaan, het die appellant vir Martha aan haar linkerpols vasgegryp. David vra hom toe: "Wat maak jy?" Hierop het die appellant vir David 'n paar beledigings toegevoeg, 'n mes uitgehaal, en vir David ge-

jaag

jaag. Die vriend met die reënjas het 'n baksteen opgetel en vir Martha gejaag. Sy het in die agterplaas van 'n huis ingehardloop. Die vriend met die reënjas het toe die agtervolging gestaak. Martha het oor 'n heining gespring en by 'n tweede huis gekom vanwaar sy kon sien wat van David word. Sy sien toe dat David in 'n hurkende posisie val. Die appellant was net agter hom, en steek hom tweekeer met die mes in die holte van sy rug. Intussen het die appellant se vriend by hom aangesluit. David het op sy voete gekom en voortgestruik in die rigting van sy huis. Die appellant en sy vriend het eers rondgekyk en is toe weg. Daarna is Martha na haar huis. Sy het later verneem dat David voor 'n huis, wat beskryf is as nommer 10, inmekaargestort

het

het. Sy self het dit egter nie gesien nie, maar net later die nag 'n kol droë bloed daar waargeneem. Dit is gemene saak dat een van die twee steekhoue David se dood veroorsaak het.

Beauty het ook getuig en staaf Martha se getuienis oor wat gebeur het terwyl Martha en Beauty bymekaar was. Na die aanranding op Martha het Beauty binne die sjebeen gebly, en sy kon alleen getuig dat die appellant en die vriend met die reënjas toe ook die huis verlaat het. Wat hulle daarna gedoen het, kon sy nie sê nie.

Die appellant se weergawe verskil hemelsbreed van Martha en Beauty s'n. Hy het getuig dat hy die aand ongeveer sewe-uur by die sjebeen aangekom het. Hy was alleen. Terwyl hy 'n paar biere gedrink het, het hy in 'n gesprek met Beauty

geraak

geraak. Hulle het oor die liefde gepraat. Terwyl hulle aan die gesels was, het Martha daar aangekom, en gesê dat die appellant 'n vrou het wat vir Beauty sou slaan as sy haar in die hande kry. Hierdie bewering was onwaar - die appellant het nie 'n vrou nie. Martha se inmenging het die appellant vererg, en hy het Martha skerp aangespreek. Martha is toe weg, maar het na 'n rukkie teruggekeer. By haar terugkeer was die appellant en Beauty nog aan die gesels. Martha het weer vir Beauty gesê sy moenie baie praat nie, want as die appellant se vrou daar kom sou sy vir Beauty slaan. Die appellant het opgestaan en weer vir Martha aangespreek. Martha het geantwoord: "Jy sal my niks vertel nie" en 'n onbeskofte handgebaar gemaak. Met die beweging van haar hand het sy

per

per ongeluk die appellant se baadjiesak gehak, en dit laat lostorring. Die appellant het vies geword en vir Martha twee ligte houe op haar skouer toegedien. Beauty en 'n ander vriendin van Martha het vir Martha gegryp en in die huis geneem, en die appellant betig omdat hy haar geslaan het. Die appellant was toe so ontstoke dat hy sy bier aan iemand anders gegee het en huis toe gegaan het.

Ten einde die appellant op bogemelde getuienis skuldig te bevind aan moord moes die verhoorhof bevind dat Martha se getuienis 'n redelike twyfel verkies moes word bo dié van die appellant, en die verhoorhof het inderdaad so bevind. Voordat ek ingaan op die redes vir hierdie bevinding, is daar 'n paar algemene opmerkings wat ek wil maak.

Die

Die Staat se saak berus hoofsaaklik op die ooggetuïenis van Martha. As 'n mens egter die Opsomming van Wesentlike Feite lees wat die Staat ingevolge artikel 144 (3) (a) van Die Strafproseswet (no 51 van 1977) verstrek het, kom dit duidelik na vore dat die opsteller van hierdie opsomming nie besef het dat Martha ooggetuïenis van die werklike stekery kon lewer nie. Die relevante paragrawe lui soos volg. ("Winnie" in hierdie passasie is Martha):

- "3. Winnie het toe later besluit om die toneel te verlaat en huis toe te gaan. Die oorledene het saam met haar gestap. Langs die pad het die beskuldigde en nog 'n persoon hulle gekonfronteer en aan die oorledene gevra of hy wil baklei. Hierop het die beskuldigde 'n mes uitgehaal. Die oorledene het gevlug en die beskuldigde het hom agtervolg.
4. Die oorledene is later in die straat verwond aangetref."

Die

Die teenstrydigheid tussen hierdie opsomming en Martha se getuienis is nie in die hof a quo te berde gebring nie en is moeilik om te verklaar. Die opsomming berus duidelik op inligting wat Martha verstrek het. As Martha se polisie-verklaring nie gemeld het dat sy die stekery gesien het nie, was dit die aanklaer se plig om die verklaring aan die verdediging beskikbaar te stel. Dit het hy nie gedoen nie.

Aan die ander kant, as die opsteller van die opsomming 'n verklaring van Martha voor hom gehad het waarin sy, soos in haar getuienis, grafies beskryf het hoe die appellant die oorledene gesteeek het, sou 'n mens verwag het dat die opsomming heeltemal anders sou gelui het. Dit is egter nutteloos om hieroor te bespiegel - die onverklaarde leemte in die opsomming kan

nie

nie anders as om 'n mate van agterdog teen Martha se geloofwaardigheid te skep nie.

Dit is dan ook opmerklik dat Martha nie spontaan begin getuig het oor die stekery nie. Nadat sy vertel het hoe sy die sjebeen verlaat het, agtervolg deur die appellant en die vriend met die reënjas, lui haar getuienis soos volg:

"Kom die beskuldigde en sy vriend met die reënjas, ja? Hulle kom nou van agter af? ... Dit is reg.
Het hulle geloop of gehardloop? ... Hulle het vinnig gestap.
Hulle het vinnig gestap, ja? ... Dit was tóé dat ek die oorledene teëkom waar hy gelê het. Sy naam is David.

MNR. ROBERTS: Waar het hy gelê? ... Hy was daar, hy het gesien toe ek aangerand was in die 'yard'.

Nee wag net so 'n bietjie, jy sê lê, waar lê hy nou? Hoekom lê hy? ... Daar by nr. 10 se hek het hy gelê."

Soos

Soos ek vroeër gemeld het, is die oorledene by nommer 10 se hek gevind nadat hy gesteeek was. Die indruk wat Martha hier skep is dat sy nie die stekery gesien het nie, maar wel die oorledene voor nommer 10 se hek gesien het.

In verdere ondervraging deur die aanklaer en die Hof het dit egter geblyk dat haar getuienis tot die teendeel was - sy het toe getuig dat sy wel die stekery gesien het, maar nie die gewonde oorledene voor nommer 10 sien lê het nie.

'n Tweede algemene opmerking wat ek wil maak is dat die Staat in hierdie saak met 'n minimum van ondersoek en getuienis probeer regkom het. Martha het 'n effens verwarde verhaal vertel van hoe sy en die oorledene gejaag was, hoe sy die noodlottige aanranding gesien het en wat toe van die ver-

skillende

skillende spelers in hierdie drama geword het. Met 'n be-
 hoorlike plan of behoorlike fotos van die toneel sou dit
 makliker gewees het om haar getuienis te verstaan, of, as
 dit vals was, te weerlê. Hierdie aspek is veral belangrik
 vanweë die lacuna in die Opsomming van Wesentlike Feite
 waarna ek pas verwys het. Geen plan of fotos is egter
 voorgelê nie, met die gevolg dat die hof aangewese was op
 Martha se onbeholpe (en, heelmoontlik, onakkurate) beskrywings
 van die toneel en skattings van afstande. Ook was daar geen
 polisiegetuienis nie, en die verhoorhof was aangewese op die
 getuienis van Martha en die appellant oor wat hy
 aan die polisie gesê het, wanneer en hoekom hulle sy woning
 deursoek het, wat hulle daar gevind het, ens. Behoorlike
 polisiegetuienis

polisiegetuïenis hieroor sou baie onsekerhede uitgeskakel

het, hetsy in die guns van die Staat, hetsy van die appellant.

'n Laaste algemene opmerking gaan oor die rol wat die verhoorregter gespeel het. Dit blyk uit die rekord dat die verhoorregter heelwat meer vrae aan die getuies gestel het as albei advokate saam. Ek moet onmiddellik sê dat ek eensins die indruk gekry het dat die verhoorregter enige verkeerde motiewe hiervoor gehad het nie, en ek aanvaar volkome dat sy enigste strewe was om 'n duidelike beeld van die getuïenis te kry. Die resultaat was egter net die teenoorgestelde. Die getuies was heen en weer getrek tussen die regter en die advokate met die gevolg dat hul weergawes op

die

die rekord onsamehangend en moeilik verstaanbaar is.

Na hierdie inleiding kom ek nou by die regter a quo se bevindings. Die twee staatgetuies Martha en Beauty is as "goeie getuies" beskryf. Wat Martha betref, was die verhoorhof beïndruk deur 'n storie wat sy vertel het oor hoe 'n buurvrou vir haar 'n glasier wyn gegee het voordat sy na die sjebeen gegaan het. Hierdie insident was onbenullig en was glad nie in geskil nie. Dit is, met eerbied gesê, moeilik om in te sien hoekom die feit dat sy hieroor die waarheid gepraat het (as 'n mens veronderstel dat sy wel die waarheid gepraat het) enigsins help om aan te dui dat haar getuigenis oor belangrike omstrede sake ook aanvaar moet word. Trouens, daar is rede om Martha se bewering te betwyfel dat sy op hierdie oujaarsaand niks meer as hierdie een klein glasier

wyn

wyn gedrink het nie. Sy sê dat, nadat sy dit gedrink het, sy "nie so helder gewees het van gedagte" nie. Dit klink onwaarskynlik dat een klein glasie haar so sou geaffekteer het. Later, onder kruisverhoor, is sy gevra: "Drink u hoe- genaamd of drink u glad nie?" Haar antwoord was: "Nee, die aand het ons maar net gedrink omdat ons bly was." Sy het dus geen beginselbesware teen drank gehad nie, en dit klink onwaarskynlik dat sy op 'n oujaarsaand feitlik die hele tyd in 'n sjebeen was vanaf sewe namiddag tot na midder- nag sonder om enigiets sterker as koeldrank te drink.

Dan

Dan meld die verhoorregter dat Martha se getuienis oor die stekery ooreenstem met die bevindings in die lykskouingsverslag. Dit is weliswaar so dat beide die verslag (wat met toestemming ingehandig is) en Martha se getuienis aandui dat die oorledene twee steekwonde in sy rug gehad het. Hierdie faktor is beslis stawend van Martha se getuienis, maar 'n mens kan dit nie te ver voer nie. Ons weet nie wie die oorledene voor nommer 10 gevind het en wat daarna van hom geword het nie (dit is ook een van die aspekte waaroor daar geen getuienis was nie). Dit is dus maklik denkbaar dat Martha van iemand kon verneem het dat die oorledene twee steekwonde in sy rug gehad het. Natuurlik, as sy hom self voor nommer 10 sien lê het, soos sy op een stadium te kenne

gegee

gegee het, sou die stawing deur die lykskouingsverslag nog minder gewig gedra het.

Dan beskou die verhoorregter dit as amper ondenkbaar dat Martha 'n storie in sulke detail kon fabriseer as wat in haar getuienis voorkom. Hierdie faktor is nie sonder gewig nie, en 'n mens moet natuurlik in gedagte hou dat die verhoorhof beter in staat is as 'n hof van appèl om sulke faktore na waarde te skat.

Verder verwys die regter a quo na die stawing wat Beauty aan Martha se getuienis bied. Hy meld veral Beauty se getuienis oor die aard van die aanranding op Martha, die feit dat Martha daarna die perseel verlaat het, en dat die appellant en sy vriend haar gevolg het (ek veronderstel die regter

regter bedoel net hierdeur dat hulle min of meer dieselfde tyd vertrek het - Beauty se getuienis was, in die geheel gesien, nie dat hulle agter Martha aangestap het nie).

Ten slotte verwys die regter a quo na 'n skede waaruit die appellant, volgens Martha se getuienis, die mes sou getrek het. Inderdaad is 'n skede later in die appellant se woning gevind. Op die oog af klink hierdie getuienis verdoemend, maar by ontleding blyk dit minder indrukwekkend te wees. Martha het hierdie aspek soos volg na vore gebring:

"MNR. ROBERTS: Waar kom die mes vandaan? ... Soos ek demonstreer, in sy regtersak het hy (die beskuldigde) die mes gehad.

HOF: Hy het 'n mes uitgehaal? ... Ja. Waar het hy dit uitgehaal, uit watter sak, baadjiesak, broeksak? ... Die polisieman wat die saak ondersoek ... (tussenbei)

MNR. ROBERTS: Nee, ek wil nie weet daarvan

nie

nie, nee. Los dit voorlopig uit. Ek wil net weet, uit watter sak het hy dit uitgehaal, dit is al wat ons wil weet? ... Uit die skede, die sak wat ek van praat is 'n skede.

HOF: O, 'n skede, ja. Beskuldigde het 'n mes uit 'n skede ..? ... Dit is reg.

... gehaal. Maar waar was die skede gewees?

TOLK: Sy demonstreer hier op haar heup.

MNR. ROBERTS: Aan sy gordel vas? ... (tussenin)

HOF: Aan die buitekant van sy broek of in die binnekant van sy broek of waar? ... Onder die broek."

Tussen die aanklaer, die regter en die tolk het dit nooit heeltemal duidelik geword hoekom sy eers na die appellant se regtersak verwys het en toe later na 'n skedenie, en wat die "polisieman wat die saak ondersoek" met haar waarnemings te doen gehad het nie. Inderdaad het die appellant erken dat 'n skede in sy woning gevind is, maar 'n onskuldige verduideliking

deliking daarvoor gegee. Volgens Martha is 'n skede aan haar getoon deur die ondersoekbeampte. Hoewel sy sê dit was "die skede" (vermoedelik bedoel sy die skede wat sy sê sy by die appellant gesien het) kon haar uitkenning min gewig dra aangesien sy getuig het dat die skede onder sy broek was en dat net 'n punt uitgesteek het. Nogtans is daar 'n mate van staving vir haar in hierdie getuienis. Ek wil egter net weer sê dat hierdie hele kwessie baie duideliker kon gewees het as Martha toegelaat was om sonder onderbreking te getuig; as die ondersoekbeampte getuig het oor hoe, waar en onder watter omstandighede hy die skede by die appellant gevind het en aan Martha getoon het; en as die skede in die hof aanwesig was sodat Martha kon aandui waar dit op die appellant se liggaam

liggaam was, en waaraan sy dit uitken (as sy dit inderdaad kon uitken).

Selfs met die leemtes in die staatsaak waarna ek verwys het, was daar 'n prima facie saak teen die appellant.

Die gewig wat aan die appellant se getuienis geheg word was dus van groot belang in die saak. In hierdie verband het die hof a quo die volgende gesê:

"Nou-ja, hier het ons te doen met ooggetuienis wat in alle opsigte bevredigend is en 'n storie wat deur die beskuldigde vertel is wat nie geloofwaardig voorkom nie. Altwee die stories kan nie waar wees nie en dit kom my voor dat die beskuldigde se storie so vol gebreke is dat dit eenvoudig net nie die waarheid kán wees nie. Hy het ten volle besef dat Martha die polisie vertel het dat sy gesien het dat dit hy was wat die oorledene gestee het en hy kon nie verklaar hoekom hy nie aan die polisie

die

die storie vertel het van wat gebeur het tussen hom en Martha die aand nie.

Na my mening moet die storie van Martha aanvaar word en dié van die beskuldigde as vals verwerp word."

Soos blyk uit hierdie passasie het die verhoorregter die appellant se getuienis as "vol gebreke" beskryf, maar net een voorbeeld genoem, naamlik, dat die appellant nie aan die polisie vertel het wat gebeur het tussen hom en Martha die aand nie. Dit is moeilik om te verstaan wat die verhoorregter hierdeur bedoel. Die appellant se onweerspreekte getuienis was dat hy wel aan die polisie vertel het wat tussen hom en Martha gebeur het net soos hy in die hof gedoen het, en hierdie getuienis word vroeër in die uitspraak genoem. Al wat die appellant nie gedoen het

nie

nie, volgens sy getuienis, was om die stukkende baadjiesak aan die polisie te wys. As dit al was wat die verhoorregter in gedagte gehad het, sou dit skaars regverdiging bied om die appellant se getuienis te verwerp. En as die verhoorregter onder die indruk was dat die appellant glad nie aan die polisie vertel het wat tussen hom en Martha gebeur het nie, was dit 'n ernstige mistasting aan sy kant. Dat daar verwarring aan die kant van die verhoorhof was, blyk ook uit die volgende twee passasies uit die appellant se getuienis, albei in antwoord op vrae van die hof. Die eerste is:

"HOF: Het hulle (d.w.s. die polisie) jou nie gevra wat het jy die vorige nag gemaak voordat jy piekniek toe is nie? ... Ek is gevra wat ek die vorige nag gedoen het by

die

die shebeen en ek het gesê ek het net vir Winnie geklap.

Ja, het jy vir hulle vertel jy het vir Winnie geklap daar, vir die polisie? ... Ja. Het jy vir hulle vertel wat Winnie gedoen het en hoe sy jou beduie het? Want dit is waaroor jy haar mos geklap het? ... Ek het aan die polisie gesê, as gevolg van die handbeweging het ek haar geklap.

Ja en toe het sy mos nou jou sak geskeur? ... Ek het."

Hiermee moet vergelyk word die volgende passasie wat minder as twee bladsye later in die oorkonde voorkom:

"Ja maar hoekom het jy toe nie vir die polisie gesê, kyk, hier is Winnie, sy lieg, sy het my 'n lelike teken gegee met haar vinger en sy het my 'background' se sak geskeur en toe het ek haar geklap en nou kom vertel sy vir julle 'n belaglike storie van wat sy sou gesien het wat ek doen met daardie oorledene? ... Ek het niks aan die oorledene gedoen nie."

Die

Die appellant het klaarblyklik nie hierdie laaste vraag verstaan nie, en dit is nie verder gevoer nie.

Die een voorbeeld van die gebreke wat die verhoorregter in die appellant se getuienis gevind het, gaan dus nie op nie. In Deurlesing van sy getuienis skeep ook nie by my die indruk dat dit juis swakker was as dié van Martha en Beauty nie. Behoorlike beoordeling van sy getuienis word egter ook bemoeilik vanweë die manier waarop die getuienis op rekord geplaas is, soos ek reeds aangedui het.

As ek dan die saak as geheel moet opsom wil dit vir my voorkom dat daar gronde is om agterdogtig teenoor Martha se getuienis te staan, en dat haar getuienis, gestaaf tot 'n mate deur Beauty s'n, nie as "in alle opsigte bevredigend" be-

skou

skou kan word soos die verhoorhof bevind het nie. Daarbenewens kan ek nie saamstem dat " die beskuldigde se storie so vol gebreke is dat dit eenvoudig net nie die waarheid kán wees nie". Objektiewe getuienis, wat die skaal na die een of ander rigting kon swaai, is nie aangebied nie. Onder al hierdie omstandighede meen ek dat die verhoorhof 'n redelike twyfel oor die appellant se skuld behoort te gehad het.

Bygevolg slaag die appèl, en word die appellant se skuldigbevinding en vonnis op die moordklag tersyde gestel.

E M GROSSKOPF, AR

SMALBERGER, JA } Stem saam
 NESTADT, JA }